Verwysing: 20211103-7311
Lêerno: 12/2/8/12
12/2/8/16
12/2/8/40
Navrae: LB Shasha
IM Swartz

Finansiëlerekeningkundeminuut: 0006/2021

Aan: Hoofdirekteure, Direkteure, Adjunkdirekteure: Korporatiewe Dienste, Hoofde: Bestuur en Beheer, Kringbestuurders, Prinsipale, Superintendente van koshuise, en Voorsitters van beheerliggame van gewone openbare skole en koshuise (met uitsondering van onderwyskolleges)

**Onderwerp: Aanmaning oor sperdatum vir die indien van aansoekvorms om subsidies vir koshuislosies, privaat losies en privaat vervoer vir 2022**

1. Prinsipale word versoek om toe te sien dat alle leerders ingelig is oor die aansoekproses om subsidies, om leiding aan ouers/voogde met die aansoekproses te gee en te verseker dat subsidie-aansoekvorms reg en akkuraat ingevul word, soos per Omsendbrief 0143/1998 van 06 November 1998 (aangeheg as Bylae A).

2. Ouers/voogde van leerders wat van voornemens is om gewone openbare skoolkoshuise gedurende 2022 by te woon, moet aangemoedig word om hulle aansoeke vir 2022 se akademiese jaar so gou as moontlik in te dien.

3. Skole moet aansoeke vir bestaande leerders, saam met ondersteunende dokumente, vroeg genoeg vóór die sperdatum versamel sodat dit via die kringbestuurder van die toepaslike distrikskantoor vir aanbeveling by Hoofkantoor uitkom (vir die kantoor van die Direkteur: Finansiële Rekeningkunde).

4. Alle toepaslike belanghebbendes word hiermee herinner om leerders se subsidies vir koshuislosies, privaat losies en privaat vervoer by die Direkteur: Finansiële Rekeningkunde teen **30 November 2021** in te dien.

5. Voltooide aansoekvorms vir nuutingeskryfde leerders by 'n koshuis (gewone openbare skoolkoshuis/privaat koshuis) moet saam met ondersteunende dokumente by die distrikskantoor vir aanbeveling ingedien word sodra die leerder goedgekeurde

huisvesting in 'n gewone openbare skoolkoshuis or privaat koshuis vir 2022 se skooljaar ontvang het.

6. Alle subsidiebetalings word op geslaagde aansoeke, vergesel van die toepaslike ondersteunende dokumente, gebaseer. Prinsipale en kringbestuurders word versoek om te verseker dat slegs aansoeke wat volledig ingevul is en wat aan die vereistes uiteengesit in Omsendbrief 0143/1998 voldoen, ingedien word.

7. 'n Kontroleringslys is aangeheg om distriksamptenare met verifikasie vóór aanbeveling te help. Onvolledige aansoeke en/of aansoeke met onvoldoende ondersteunende dokumente sal nie verwerk word nie. 'n Amptenaar van die Direktoraat: Finansiële Rekeningkunde sal met die toepaslike skool en/of distrikskantoor in verbinding tree met 'n verduideliking oor die tekortkominge daarvan. Dit sal ongelukkig betalings aan die skool/koshuis vertraag.

8. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle betrokke personeel.

**GETEKEN:** LJ ELY
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KORPORATIEWE DIENSTE**
**DATUM:** 2021-11-12